



Stellenbosch

UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

Law | Eyezomthetho
Regsgelertheid

20 Mei 2022

Beste regstudent

Die veelbesproke gebeure die afgelope week het ons fakulteit en studente verenig in die veroordeling van enige vernederende, diskriminerende en rassitiese gedrag op ons kampus. Ons herbevestig ook ons verbintenis tot 'n gelykheidsgesinde, sosiaal regverdige samelewing waarin elke persoon hulle potensiaal kan verwesenlik en met waardigheid hanteer word. Ons is ontsteld oor die aangemelde voorvalle by Huis Marais en die Regsdans, veral ook omdat regstudente betrokke is. Die etos van die oorweldigende meerderheid van ons regsgemeenskap berus op respek, deernis, verantwoordbaarheid, billikheid en uitnemendheid. Daarom ondersteun ons die deeglike en flink ondersoek en afhandeling van hierdie sake ten volle.

As die Fakulteit Regsgelertheid, erken ons die rol wat ons moet vervul om die ideale van transformerende konstitusionalisme te bevorder. Bewusmaking en geen verdraagsaamheid vir rassisme en die mishandeling van ander is belangrike elemente van akademiese en burgerlike inisiatiewe om rassisme, seksisme en ander sosiale euwels uit te roei. In die regsomgewing onderteken ons studente in hulle eerste jaar 'n onderneming met dié strekking; almal het 'n eksemplaar van ons Grondwet (wat 'n beter lewe vir almal en 'n duidelike wegbreek van ons onderdrukkende verlede belof) op hulle boekrak of in hulle boeksak, sowel as die geleentheid om met belangrike vakinhoud om te gaan wat, indien dit behoorlik ingeneem word, mense se gedagtes en lewens positief kan verander. Soos voormalige hoofregter Pius Langa in 2006 in 'n artikel in die Stellenbosch Law Review geskryf het: "Dit is vir my die kern van transformerende konstitusionalisme: dat ons moet verander."

Akademici, studente, prokureurs, voornemende prokureurs en opgeleide regsberoepslui het 'n groot bydrae te lewer om die drome en strewes in die Grondwet 'n werklikheid te maak. Ons erken dat die reg in die Suid-Afrika van kolonialisme en apartheid gebruik is as 'n instrument om te onderdruk, maar ons het duidelik van daardie tradisie wegbreek. In die lig van ons rassitiese verlede, moet ons die belang van menswaardigheid erken om die verlede agter te laat en 'n vrye en gelyke samelewing te skep. Daarom kies ons die reg - want die reg kan herstel, die reg bied hoop, en dít is presies waartoe ons ook verbind is as 'n groep.

As 'n gemeenskap, het ons beslis vordering gemaak op hierdie voortgesette reis van transformasie. Ons wil nie hê dat die onlangse skokkende gebeure ons van stryk bring in ons vasberadenheid om transformasie in ons fakulteit, op ons kampus, op ons dorp en in die algemene samelewing teweeg te bring nie. Ons almal behoort selfondersoek te doen en na te dink oor die rol wat ons op hierdie reis vervul om ons instellings en ons samelewing te transformeer sodat ons beter kan doen.

In sy boek *Justice: A Personal Account* beskryf ons Kanselier, Edwin Cameron, ons land se reis na demokratiese konstitusionalisme as een “vol hoogte- en laagtepunte, maar aan die einde lê die praktiese moontlikhede van hoop”. Ons het verlede week verskeie laagtepunte beleef. Nietemin vra ons dat ons, as fakulteit en studente, aanhou saamwerk aan ons gemeenskaplike ideale, juis sodat ons beter kan doen.

Kind regards / Ngemibuliso emihle / Vriendelike groete

Fakulteitsbestuur

Proff Smit, Pienaar, Stevens

Proff Boggenpoel, Broodryk, Karjiker, Slade, Wessels